Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 2, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE ROL VAN DIE SEEMAG IN DUITS SUIDWES-AFRIKA 1914-15

**KAPT H.F. NEL (SAV)** *

**At the outbreak of World War I the German colony of South West Africa posed a serious threat to the British war effort. The colony was situated on the main and safest British supply and communication route to the east, and it was therefore of the utmost importance that it should fall into Allied hands. Otherwise the harbours of Lüderitzbucht, Walfisch Bay and Swakopmund might be used by the German Pacific squadron — then operating off the South American Coast, and strong radio transmitters of the colony could keep the German High Command well informed of the situation in the southern hemisphere.**

**General Botha, Prime Minister of the Union of South Africa, agreed to a British request to send an expedition against the German colony, but before this could get under way, a serious rebellion broke out in the Union. The defeat of Cradock's squadron at Coronel and the presence of von Spee's warships in the Atlantic added to the anxieties of the South African leaders.**

**For the next two months the Admiralty's inability to provide an adequate escort for the expeditionary force and the disorganisation of the Union Defence Forces by the rebellion upset the South African plans for the campaign in South West Africa. Only with the defeat of von Spee at the Falkland Islands and the capitulation of the principal rebel forces in South Africa was it possible to launch the expedition effectively.**

## Voorspel

Op 28 Junie 1914 klap die skote by Sarajevo in Bosnië wat die opvolger van die Oostenrykse troon, Frans Ferdinand, en sy vrou Sophia dood — 'n daad wat die Europese kruitvat sou laat ontplof en die wêreld vir vier jaar in die duisternis van oorlog dompel.

Teen hierdie tyd was Europa reeds, weens die sluiting van verdrae in twee gewapende magsblokke verdeel: die Drievoudige Entente, wat in 1907 tot stand gekom het en waarvan Brittanje, Frankryk en Rusland lede was, en die Drievoudige Verbond (1882), wat deur Duitsland, Oostenryk en Italië onderteken is — hoewel laasgenoemde 'n ietwat wankelrige en onsekere vennoot was.

So lank Brittanje sy beleid van 'splendid isolation' teenoor die Vasteland gehandhaaf het en sy aandag eerder aan die uitbou van sy handel en uitbreiding van sy ryk gewy het as om in die Europese twiste verwikkel te raak, het die moontlikheid nóg bestaan dat die konflik gelokaliseer kon word. Duitsland se interne en eksterne beleid het egter ná die uittrede van Bismarck as kanselier (1890) 'n koers ingeslaan wat toenemend op konfrontasie met Brittanje afgestuur het. Die eertydse kanselier se kontinentale politiek is deur 'n doelgerigte *Weltpolitiek* vervang.

Enersyds het die druk van Duitsland se snel groeiende bevolking en andersyds die krag van sy nywerhede in hierdie stadium omvangryker buitelandse kolonies en markte geverg.

Uit hoofde hiervan kondig Von Tirpitz, Duitse Minister van Marine, in 1898 die eerste Duitse vlootbouprogram aan. In Brittanje het die aankondiging groot besorgdheid veroorsaak en sterk reaksie uitgelok, aangesien sy eie veiligheid en die instandhouding van sy handel en oorsese ryk op oppermag ter see berus het. Die vlootbouwedloop wat hierop tussen Brittanje en Duitsland volg, sou 'n primêre oorsaak daarvan word om 'n botsing tussen dié twee lande te presipiteer.

## Verdediging van die Britse Ryk

Met die oog op 'n moontlike militêre konflik met Duitsland het dit vir Britse staatsmanne vasgestaan dat hulle in 'n hernieude stryd om die Europese magsbalans op die krag van die Britse Ryk in die geheel moes kon staatmaak. Brittanje moes in dié omstandighede op die militêre en ekonomiese bystand van elke deel van die Britse Ryk reken; dus moes die Ryk so snel moontlik gekonsolideer word. Daar is gevoel dat die proses van konsolidasie die beste gedien sou word deur van tyd tot tyd konferensies van verskillende dele van die Ryk in

* Kapt H.F. Nel (SAV) is professor in Krygsgeskiedenis en dekaan van die fakulteit Krygskunde aan die Militêre Akademie.

Londen te belê waarop sake van gemeenskaplike belang bespreek kon word. Natuurlikerwys sou die verdediging van die Ryk as geheel, in die oorlogstyd, hiertydens 'n belangrike besprekingspunt vorm.[1]

Die Anglo-Boereoorlog het swakhede in die Britse militêre stelsel aan die lig gebring wat in 1903 tot die stigting van die 'War Office (Reconstruction) Committee' onder voorsitterskap van Lord Esher lei. Hierdie komitee het 'n permanente adviserende organisasie, belas met die insameling en verwerking van inligting nodig vir die tydige beplanning van 'n oorlogsbeleid — wat die hele Britse Ryk insluit, bepleit.[2] Dié funksie is aan die reeds bestaande 'Committee of Imperial Defence' toevertrou wat, bygestaan deur die 'Colonial Defence Committee', na 1904 'n doelbewuste koers ingeslaan het om die nuwe oogmerke te probeer verwesenlik.[3]

Die Imperiale Regering het geen poging aangewend om beheer oor die militêre magte van die dominiums te verkry nie, maar daar is tog ooreengekom, as gevolg van die Koloniale Konferensie van 1907 en die daaruit voortvloeiende Vloot- en Militêre Konferensie van 1909, dat 'n Imperiale Generale Staf geskep moet word, wat die militêre wetenskap in al sy fasette moet bestudeer en militêre inligting versamel en aan die verskillende regerings beskikbaar stel. Daar sou voortaan intiem saamgewerk word met die dominiums se Generale Stawwe.[4]

'n Witskrif van die Britse regering getitel 'The strategical condition of the Empire from the military point of view', wat voor die konferensie van 1907 gelê is, het die algemene Britse siening ten opsigte van ryksverdediging beliggaam. Hierin is drie beginsels deur die 'War Office' as riglyne neergelê, waarvan die belangrikste was dat die instandhouding van die Ryk primêr op oormag ter see berus. 'The very essence of a military system in a great federation of territories is the power of combination for a common end, and when these territories are separated from each other by sea such combination is wholly dependent on the possession of maritime command.'[5]

Om die Britse Ryk slaggereed vir enige gebeurlikheid te kry, is daar in 1911 tydens die Rykskonferensie ander maal twee memorandums oor die militêre, strategiese en internasionale posisie van die Britse Ryk aan die afgevaardigdes voorgelê.[6]

**Seeverdediging van die Unie**

Soos die ander dominiums van die Britse Ryk, het Suid-Afrika ook die toenemende spanning tussen die Europese volkere aangevoel. Reeds vanaf die totstandkoming van die Unie in 1910 was onderhandelings en besprekings ten opsigte van die organisasie van die toekomstige Suid-Afrikaanse Weermag en die Unie se aandeel met betrekking tot die Britse ryksverdediging tussen Pretoria en Londen gevoer.[7] Hierdie eie Unieverdedigingsmag het gestalte in die Verdedigingswet no 13 van 1912 gekry. Daarin is wat die Unie se seeverdediging betref, voorsiening vir die stigting van 'n Koninklike Marine Vrijwilliger Reserve, wat ingeskryf is vir verpligte algemene diens by die 'Royal Navy' in tyd van nood gemaak.[8] In Augustus 1914 is die bestaande organisasie in sy geheel by die Britse Vloot ingelyf.[9]

Die vraag wat dadelik na vore gekom het, was of die Unie nie ook, soos in die geval van die ander dominiums soos Australië, daartoe moes oorgaan om oorlogskepe te bou of om op die een of ander wyse vir Brittanje by te staan in die instandhouding van sy vloot nie.

Op 4 Maart 1913 stel majoor P.A. Silburne dan ook in die Volksraad voor dat die Unie planne moes opstel vir 'n jaarlikse bydrae tot die onderhoud van die Britse vloot.[10] Botha het hierop reageer met 'we fully realize that in future the Union must take a greater part in this matter of defence at sea'. Hy meen egter dat die Britse regering verantwoordelik gehou moet word vir die buitelandse beleid van die Britse Ryk '...in these circumstances the British Empire cannot and does not expect us to do everything in these waters'. Daar is vervolgens besluit om hieroor met die Britse regering te onderhandel.[11] Die Unieregering het dus die Eerste Wêreldoorlog tegemoet gegaan met sy strydkragte

1. G.D. Scholtz: *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652—1952*, (Johannesburg, 1954), p 247.
2. J. Ploeger: *Suid-Afrika en die Imperiale Generale Stafgedagte* (*Militaria* 3/2, 1972, p 1)
3. J. Ploeger, *op cit.* p 1; F.A. Johnson: *Defence by Committee*, (London, 1960), p 88.
4. A.B. Keith: *War Government in the Dominiums*, (Oxford, 1921), pp 12—14.
5. SAW-Argief, DC-groep. Houer 26, Lêer 530. Mr Smuts Portfolio.
6. G.D. Scholtz: *op cit.* p 255; Britse Blouboek: Correspondence re Imperial Conference, 1911, (Cdl 5 746—2).
7. J. Ploeger: Die Unieverdedigingsmag 1912—1914 (*Militaria* 1/3, 1969), p 43.
8. Wet No 13 van 1912, art 22.
9. J. Ploeger: *op cit.* p 43.
10. Debates of the Union House of Assembly, 1913, kol 621.
11. G.D. Scholtz: *op cit.* p 259; Debates of the Union House of Assembly, 1913, kol 624—28.

gereed om binne Suid-Afrika op te tree, maar met geen oorlogskepe om ter see 'n rol te speel nie.[12]

## Die Uitbreek van Wêreldoorlog 1

Die Eerste Wêreldoorlog sou ook vir Suid-Afrika in die maalstroom van gebeure betrek, want op 4 Augustus 1914 het Brittanje oorlog op Duitsland verklaar; ook namens die Britse Ryk, insluitende Suid-Afrika. Die Unie-parlement was nie in sitting toe die Suid-Afrikaanse regering reeds op 29 Julie en 1 Augustus 1914 deur die Imperiale outoriteite gewaarsku was dat die situasie kritiek was nie.[13] Die regering in Pretoria reageer egter snel op gebeure en op 4 Augustus kabel hulle aan Brittanje dat hulle hul verpligtinge erken om die Unie te verdedig en dat, indien die Britse garnisoen, wat nog in Suid-Afrika vertoef in Europe benodig was, die regering sy eie verdedigingsmag sou gebruik om die garnisoen te vervang.[14]

Op 7 Augustus aanvaar sir Lewis Harcourt, Britse Staatsekretaris van Kolonies, Botha se aanbod met dank, maar doen ook navraag of die Suid-Afrikaanse magte nie op die radiostasies by Swakopmund en Lüderitzbucht sowel as op dié in die binneland van Duits Suidwes-Afrika beslag kon lê nie. 'If your Ministers at the same time desire and feel themselves able to seize such part of German South West Africa as will give them the command of Swakopmund, Lüderitzbucht and the wireless stations there or in the interior, we should feel that this was a great and urgent imperial service.'[15] Hierdie versoek is deur 'n tweede, nog dringender een, op 6 Augustus gevolg. 'His Majesty's Government regard as urgent necessity seizure of coast wireless stations at Swakopmund and Lüderitzbucht; this can only be effected in reasonable time by a joint Naval and Military expedition up the coast. Capture of long distance station Windhuk which is of great importance might follow another expedition against coast stations or be carried out independently from interior, but this must rest with your Government'.[16]

Botha se eerste voorneme was om nie sy regering te verbind nie, maar omstandighede het dit spoedig

12. G.D. Scholtz: *op cit.* p 259.

13. E.A. Walker: *Lord De Villiers and His Times: South Africa 1842–1914*, (London, 1925), p 499.

14. Unie-Witskrif: Return laid upon the Table of the House of Assembly on the 11th March, 1915, of correspondence on the proposed naval and military expedition against German South West Africa. (A2/15), (no 1) Ministers – Acting Governor-General, 4.8.14.

15. A2/15 (No 4), Acting Governor-General – Ministers, 7.8.14.

16. A2/15 (No 4), Telegram: Secretary of State – Acting Governor-General, 9.8.14.



**Suid-Afrikaanse Berede Skutters aanboord die *Galway Castle*.**

vir hom onmoontlik gemaak om sy negatiewe houding te handhaaf, want Suid-Afrika was 'n faktor van aansienlike belang in die oorlog buite Europa. Na die oordeel van die Britse regering sou Suidwes in Duitse hande 'n voortdurende bron van gevaar wees, nie alleen vir die Unie nie, maar vir die Ryk as geheel. Die Imperiale regering was gretig om dit so gou moontlik te verower omdat dit aan die oseaanroete tussen Europa en die Ooste gelê het, wat as gevolg van die oorlog 'n nuwe belangrikheid gekry het. Die hele Middellandse seegebied het basisse vir duikboot-aktiwiteite gebied, terwyl Turkye die Suezkanaal van uit die ooste bedrieg het. Dit was dus duidelik dat die historiese roete van Da Gama die veiligste, hoewel die langste, verbindingslinie tussen Brittanje en Indië was. Die twee hawens in Duits Suidwes-Afrika, Lüderitzbucht en Swakopmund, wat deur die Duitsers as basisse vir vlootoperasies gebruik kon word, het dit egter uiters kwesbaar gemaak.

Indien die Duitse Sjina-eskader onder admiraal graaf Von Spee die Suid-Atlantiese Oseaan kon binneglip, sou dit die radiostasies in die Kaapse skiereiland kon vernietig, terwyl dit met die inligting wat vanaf Duitsland via die Suidwes-radiostasies ontvang is, moontlik sou wees om die Britse en Geallieerde skepe aan te val. Uit handels en militêre oorwegings was dit dus essensieel om Duits Suidwes-Afrika so snel moontlik te verower.[17]

## Bedreiging an die Duitse Vloot

Die Uniekabinet was skerp verdeel oor 'n positiewe antwoord op die Britse versoek van 6 Augustus, maar op 10 Augustus het Botha tog daarin geslaag om hulle eenparige steun te bekom om Duits Suidwes-Afrika binne te val.[18]

Voordat die Duitse koloniale ryk en Duitse oorsese invloede geneutraliseer kon word, moes eenhede van die Duitse vloot, wat by die uitbreek van die oorlog op die oop see aanwesig was, vernietig word. Dit sou die gevaar dat hierdie vloot, tydens die operasies in Suidwes-Afrika, die verbindingslinies van die ekspidisiemag kon afsny, uitskakel.[19]

Die Duitse Sjina-eskader het in Augustus 1914 'n basis op die Caroline-eilandgroep gehad. Japan se toetrede tot die oorlog het dié eskader se aktiwiteite beperk, want Von Spee kon nie daarna meer sy hoofbasis by Tsingtau gebruik nie. Hy was derhalwe genoodsaak om na die kus van Suid-Amerika te beweeg en het daar met 'n swakker eskader onder admiraal Cradock slaags geraak. Von Spee se swaarder gepantserde kruisers die *Scharnhorst* en die *Gneisenau* het op 1 November 1914 daarin geslaag om admiraal Cradock se eskader vernietigend met die slag van *Coronel* te verslaan.[20] Die bedreiging vir die Kaapse seeroete en 'n Suidwes-invalsmag het hierdeur aansienlik momentum gekry. Te meer nog, omdat daar grondige bewys was dat die Duitse reserviste in Suid-Amerika kort voor die uitbreek van vyandelikhede gewaarsku is dat hulle dienste nie vir die Europese operasies benodig was nie, maar dat hulle vir vervoer na Duits Suidwes-Afrika moes aanmeld. Teutoniese reserviste van Brasilië, Argentinië, Uruguay en Chili, almal manne wat militêr opgelei is, is vir diens in Suider-Afrika opgeroep. Transportskepe het gereed gelê vir hulle vervoer en indien die oop see vry was vir Duitse vaartuie om oor te beweeg, is daar nie die geringste twyfel dat die Duitse magte in die protektoraat deur dertig- tot veertigduisend opgeleide manne versterk sou gewees het nie. Ruim voorsiening om hulle by hulle aankoms te bewapen is in Suidwes-Afrika gemaak.[21]

## Die Rebellie

Ten spyte van sy aanbod aan die Britse regering het sake vir generaal Botha intussen begin skeefloop. 'n Deel van die bevolking het hulle teen die Unie se deelname aan die oorlog verset en dit het tot gewapende opstand gelei. Die toestand het só dreigend geword dat daar gevoel is dat Botha nie aan sy eie lot oorgelaat moes word nie, maar versterking van buite moes kry, en in hierdie operasie sou die Britse vloot 'n rol móés speel. Vanuit een oord alleen sou in hierdie stadium hulp kon kom. Die Nieu-Seelandse troepe, op weg na Europa, het Australië op daardie stadium bereik onder die beskerming van die volgende oorlogskepe, naamlik *Minotaur, Ibuki, Philomel* en *Pyramus*. Dié konvooi was op die punt om by Albany te konsentreer, waar die twee vinnige, ligte kruisers *Melbourne* en *Sydney* die *Philomel* en *Pyramus* sou vervang. Met só 'n mag en 'n kragtige begeleide kon die toestand in Suid-Afrika onder beheer gebring word en op 25 Oktober 1914 het die Britse Kabinet as veiligheidsmaatreël besluit dat die hele gesamentlike konvooi via die Kaap in stede van via Egipte, na Europa moes vaar.[22]

Nadat die Nieu-Seelandse kontingent op 28 Oktober 1914 by hierdie sametrekking te Albany aangesluit het, is die finale reëlings vir die troepe getref om in drie groepe na hulle bestemming voort te

17. E.A. Walker: *op cit.* p 741.
18. Unie-Blouboek: Report of the Judicial Commission of Inquiry into the Causes of and circumstances relating to the Recent Rebellion in SA (UG 46 – 16), p 111.
19. W.O. Henderson: *Studies in German Colonial History*, (London, 1962), p 98.
20. W.O. Henderson: *op cit.* p 98; H.H. Asquith: *The Genesis of the War*, (London, 1923), p 119.
21. M.H. Park: *German South West African Campaign*, Cape Town, 1916), p 114.
22. J.S. Corbett: *Naval Operations Vol I & II, Official History of the War*, (London, 1920), p 345.

beweeg. Pas nadat dié beslissing geneem is, begin die lug aan die Kaap weer ooptrek, daar Botha die rebelle by Kommissiedrif verslaan en Beyers en Maritz word voortvlugtend. Toe híérdie nuus bekend word, was dit duidelik dat die interne situasie in die Unie nou onder beheer was en op 30 Oktober 1914 is die konvooi beveel om na Colombo voort te gaan, soos oorspronklik beplan. Híérdie ommekeer in die beplanning het egter die verdediging van die Kaap so onbevredigend soos tevore gelaat.[23] Op maritieme gebied moes die Kaapse vlootpos met slegs drie ligte kruisers, die Suid-Afrikaanse waters tussen die Mid-Atlantiese pos en die Oos-Indiese pos bewaak.[24] Voordat die Von Spee-eskader verslaan is, was dit dus nodig om die vlootpos aan die Kaap te versterk.

Generaal Botha het weliswaar groot welslae in sy optrede teen die rebelle gehad, maar generaal C.R. de Wet en sommige van die Boereleiers was nog steeds besig om die rebellie voort te sit. Daar is ook van owerheidsweë geglo dat die verskyning van 'n Duitse eskader langs die kus in groot oormag die rebelle sou bemoedig en die Unie se planne om Suidwes-Afrika te verower in die war stuur. Daar was nou geen tyd om te verspil nie en die dag toe die nuus van die seeslag van *Coronel* bekend word, is die *Goliath* en *Darmouth*, wat by die Oos-Afrikaanse seepos was, beveel om by die Albion in Simonstad aan te sluit. Twee dae later is daar egter gevind dat die *Goliath* nie dadelik kon seil nie en is ander reëlings getref. Die enigste skip wat net so snel as Von Spee die Kaap kon bereik, was die *Minotaur* onder bevel van kaptein Kiddle. Hý is op 6 November aangesê om die konvooi in bevel van kaptein Silver van die *Melbourne* te laat en sy skip[25] via Mauritius te neem om die Kaapse eskader te versterk.

Intussen het die Britse Minister van Kolonies, sir Lewis Harcourt, op 12 Augustus 1914 in 'n skrywe aan die Unie-regering die hoop uitgespreek dat 'n ekspedisie so gou moontlik gestuur sal word om die hawens Lüderitzbucht en Swakopmund te verower. Hy het geen probleme voorsien om begeleidende skepe te verskaf nie, en volgens hom het alle inligting buitendien daarop gedui dat dit onwaarskynlik was dat die hawens weerstand sou bied.[26] Daarom is daar op 'n vergadering van senior offisiere van die Unieverdedigingsmag, wat op 21 Augustus onder voorsitterskap van generaal J.C. Smuts by Verdedigingshoofkwartier in Pretoria gehou is, na 'langdurige bespreking' besluit dat Lüderitzbucht beset sou word, terwyl die draadloosstasie en die landingstoerusting op Swakopmund deur 'n marine-bombardement vernietig sou word. Daar is verder ooreengekom dat, 'ten einde die druk op die ekspedisiemag na Lüderitzbucht te verlig', 'n Uniekrygsmag by Port Nolloth moes land om teen die vyand se suidelike grens op te tree,



***HMS Astrea*** **begelei 'n Unieverdedigingsmagkonvooi na Suidwes-Afrika.**

onderwyl 'n ander krygsmag by Upington saamgetrek sou word om sy oostelike grens te bedreig.[27]

Die gesagvoerder van die Britse vloot in Simonstad, vise-admiraal H.G. (later sir Herbert) King-Hall, CS het onderneem om die leër oor see te vervoer en te begelei. Omdat daar voortdurend noue voeling met die spoorwegadministrasie moes wees, is kantore in die spoorwegstasie-gebou vir hierdie doel gebruik. Kolonel R. Price, CMG is aangestel as bevelvoerder van die Unie-Ekspedisiebasis in Kaapstad en moes toesien dat die vloot-, leër- en spoorwegoutoriteite hulle werksaamhede doeltreffend sinkroniseer.[28]

Uit die daaropvolgende korrespondensie wil dit voorkom asof Harcourt nie met die praktiese implikasies van sy woorde rekening gehou het toe hy van geen gebrek aan begeleidende skepe gepraat het nie, want op 24 Augustus laat Botha aan die goewerneur-generaal weet dat die vertraging van die ekspedisie plaasgevind het weens die feit dat die Britse admiraal te Simonstad laat weet het dat

23. J.S. Corbett: *op cit.* p 345.

24. J.S. Corbett: *op cit.* p 381.

25. J.S. Corbett: *op cit.* p 381.

26. Staatsargief: PM-groep 32, Lêer 4/97/14, telegram Secretary of State Acting Governor-General, 13.8.14.

27. J.J. Collyer: *Die Veldtog in Duits Suidwes-Afrika*, pp 28 – 29.

28. S. Hay: *History of the R.N.V.R.*, (Cape Town, 1920), p 126.

begeleiding nie voor 12 September vir die ekspedisie verskaf kon word nie. Daar moet dus met leedwese aanvaar word dat die vertrek tot daardie datum uitgestel moet word.[29] Hy voeg ook by dat die handelskip wat bewapen is nié genoegsame beskerming aan die vier of vyf skepe wat die Noordelike Ekspedisiemag gevorm het, verleen het nie en dat daar dus om hierdie rede gewag sal moet word.[30] Botha laat in 'n telegram aan Harcourt baie duidelik deurskemer dat bogenoemde eintlik die rede vir die vertraging is.[31]

Harcourt laat nie op hom wag nie en antwoord op 1 September dat die ekspedisiemag na Suidwes-Afrika in geselskap van die *Dover Castle*, wat die East Lancashire en Essex regimente terug na Brittanje verskeep, kon seil. Die oorlogskip *Astraea* sal hulle begelei, en dan, nadat die ekspedisie veilig by Lüderitzbucht geland het, alleen die *Dover Castle* verder vergesel.[32]

Dat die lug tussen die Britse owerhede en die Unieregering weens die vertragingskwessie troebel was, blyk uit 'n bewering van admiraal King-Hall in Simonstad dat die Imperiale troepe só dringend benodig was dat hulle nié deur die Unie se ekspedisiemag se vertrek na Suidwes vertraag moes word nie. Indien die Unieverdedigingsmag op 14 September, die datum waarop die Imperiale troepe sou seil, gereed sou wees, was hy bereid om hulle tot by Lüderitzbucht te vergesel, maar hy sou nie wag totdat hulle klaar ontskeep is of hulle verder na Walvis begelei nie. Die volgende oorlogskip wat vir eskortdiens beskikbaar was, sou die *Hyacinth* wees — maar eers op 30 September, op die vroegste.[33]

Die Unieregering was geensins met King-Hall se mening tevrede nie. Dit blyk uit die opdrag wat die waarnemende goewerneur-generaal, Lord de Villiers, gekry het om aan die Britse regering te telegrafeer dat indien die *Astraea* nie beskikbaar was vir die landing van die tweede ekspedisiemag, wat in gunstige omstandighede nie minder as twee dae sou duur nie, en om die derde en grootste ekspedisiemag van Lüderitzbucht na Walvisbaai, te neem nie, dit moeilik sou wees om, soos oorspronklik beplan, met die operasies voort te gaan. Dit kon dus nodig word om die hele ekspedisie te kanselleer. Daar is voorts gemeen dat indien die Britse regering enige waarde aan die besetting van die twee belangrikste hawens van Duits Suidwes-Afrika geheg het, hulle nog 'n oorlogskip beskikbaar sou stel, wat dan in staat sou wees om die taak te volvoer om die Britse troepe van net buitekant Lüderitzbucht na hulle bestemming te vergesel. Ook is gewys op die ongunstige uitwerking wat die afstel van die beplande operasies op die openbare mening sou hê.[34] Hierdie aandrang op beskerming was só sterk dat die Britse regering tog uiteindelik op 9 September 1914 aan Botha se eise toegee het met betrekking tot die beplande operasies met 'The arrangements for removing the Cape garrison will not be allowed to interfere with this.' Die hoop is nogtans uitgespreek dat die Unieregering alles in sy vermoë sou doen om die ekspedisie te bespoedig.[35] Botha het sy diepe bevrediging dat *HMS Astraea* beskikbaar gestel sou word vir die landing van die tweede en derde ekspedisiemagte uitgespreek. Sý magte sou op 14 September 1914 gereed wees, het hy gesê.[36]

**Ekspedisie na Lüderitzbucht**

Die ekspedisie was uiteindelik slegs een dag laat, want op 15 September 1914 het 'C-Mag', soos dit bekend was, onder bevel van kolonel P.S. Beves in 'n imposante armade van vier transportskepe, onder begeleide van *HMS Astraea*, uit Tafelbaai vertrek. Die vier skepe was die *Galway Castle* en die *Gaika* waarin die troepe vervoer is, die *Clan McMillan* wat die ammunisie vervoer het en die *Monarch* (12 800 ton), die grootste vragskip wat met Suid-Afrika handel gedryf het. Laasgenoemde se vrag het hoofsaaklik uit perde en muile bestaan (4 000) maar het ook bykans 400 ton verkoelde vleis en 3 500 000 liter vars water, waarvan daar nie 'n voorraad in Lüderitzbucht beskikbaar was nie, vervoer. Omdat hy met 'n radio toegerus was wat van 'n Duitse skip, die *Berkenfels*, afgeneem was, moes die *Monarch* as bevoorradingskip aanbly om kommunikasie met Kaapstad te behou.[37]

Die *Astraea* het opdrag gehad om, indien nodig, Lüderitzbucht te bombardeer, maar dit was gelukkig nie nodig nie.[38] Op 18 September, teen aandskemer, is net buite Lüderitzbucht anker gewerp, nie ver van die plek waar Bartholomeüs Dias se manne dit vier eeue tevore gedoen het nie. Beves se troepemag het geglo dat 'n klein aantal beroep-

---

29. PM32 lêer 4/57/14 Minute no 792; Acting Governor-General — Naval C-in-C Simonstown, 24.8.14.
30. PM32 lêer 4/97/14 Min no 800, 25.8.14.
31. PM32 lêer 4/97/14 Min no 825, 31.8.14.
32. PM32 lêer 4/97/14, Secret telegram, Secretary of State — Acting Governor-General, 1.9.14.
33. PM32 lêer 4/97/14, telegram, Secretary of State — Acting Governor-General, 1.9.14; telegram, Senior Naval Officer — Acting Governor-General, 6.9.14.
34. PM32 lêer 4/97/14, telegram: Governor-General — Secretary of State 8.9.14.
35. PM32 lêer 4/97/14, Telegram Secretary State — Governor-General 9.7.14.
36. DC663 lêer 815/9199, Minute no 868, 11.9.14.
37. W.S. Rayner en W.W.O. O'Shaugnessy: *How Botha and Smuts Conquered German South West*, (London, 1916), p 26.
38. J.J. Collyer: *op cit.* pp 29—31; E.A. Walker: *op cit.* p 742.

soldate, sowel as milisie, Lüderitzbucht tot op die laaste teen 'n inval sou beskerm en dan uiteindelik per spoor ontruim sou word. Beves het derhalwe beplan om 'n mag suid van die dorp te land, die spoorweg af te sny, die garnisoen te onderskep en hulle te verhoed om die seewater-ontsoutingstoestel en radio-installasie te vernietig. Hierdie voorneme is egter deur 'n storm verydel, wat die landing van enige groot mag op 'n blootgestelde kus onmoontlik gemaak het. 'n Klein geselskap onder 'n Hollander, kaptein C.K. de Meillon, het weliswaar tog daarin geslaag om te land en die verlate dorp van die landkant binne te gaan, lank voordat die invalsmag aan wal gegaan het.[39]

Die oggend van 19 September is die troepe aan wal gebring en tydens 'n stil maar indrukwekkende seremonie is die Britse vlag bokant die stadsaal gehys. Die radiostasie was vernietig, maar andersins was die dorp onbeskadig.[40]

Intussen het die rebellie in die Unie in omvang toegeneem en is daar besluit om slegs Lüderitzbucht te behou en die aanmars te staak totdat die rebelle verslaan was. Om hierdie rede is 'D-Mag' onder brigadier-generaal sir Duncan Mackenzie, wat vir Walvisbaai en Swakopmund bestem was, na Lüderitzbucht afgewend, waar hulle op 30 September aangekom het. Die mag het uit die volgende eenhede bestaan: 1 Natal Carbineers, die 1 Eastern Rifles, die Kaffrarian Rifles, die 1 Kimberley Regiment, die Pretoria Regiment en die 12 Burgerbattery (15-ponders) met veldhospitale, en ondersteunende troepe; in totaal 49 offisiere en 1 319 manskappe, wat in die *Armadale Castle* vervoer is.[41] Kaptein Lambert is aangestel as die senior-vervoeroffisier vir die inskeping en ontskeping van die C en D magte, hoewel hy ondergeskik was aan die konvooi-bevelhebber. Hy sou ook die drie 4.7 duim kanonne beheer en verantwoordelik wees vir hulle plasing aan wal.[42]

Hoewel die rebellie die stuur van 'n ekspedisie na Walvisbaai en Swakopmund vertraag het, was Britse skepe intussen langs die Suidweskus bedrywig om die weg vir hierdie ekspedisies voor te berei en enige inmenging deur Von Spee te probeer verhoed. Op 18 September het daar 'n berig in die *Lüderitzbucht Leitung* verskyn dat 'n Union Castle lynboot, *Kinfauns Castle*, die radiostasie by Swakopmund gebombardeer en na die oopsee teruggekeer het. Die *communique* praat van slegs 'n paar huise wat vernietig is.[43]

Die Duitsers het geantwoord met 'n strooptog op Walvisbaai, waartydens dinamiet op die kaai en op 'n stoomboot geplaas is. Uit vergelding het die *Kinfauns Castle* op 24 September nog 'n aanval op Swakop uitgevoer. Die hawehoof en hyskrane is gebombardeer en in smeulende puin agtergelaat. Ook is gewaarsku dat die dorp, sonder kennis-


39. C.P. Lucas (ed): *The Empire at War*, (London, 1924), p 439.

40. C.P. Lucas: *op cit*. p 439.

41. C.P. Lucas: *op cit*. p 440; DC663 lêer 815/9199 telegram GOC "D" Force (Cape Town) — Defence (Pretoria), 30.9.14.

42. DC663, lêer 815/9199, telegram Secretary of Defence — Naval Secretary, 9.9.14.

43. W.S. Rayner en W.W.O. O'Shaughnessy: *op cit*. p 33.



**Die *Magnet* was 'n klein visserbootjie wat 'n geskikte landingsplek vir die invalsmag by Lüderitzbucht moes vind.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 2, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

gewing, weer sou deurloop indien Walvisbaai weer gemolesteer word.[44] Dat die Duitse bedreiging van Walvisbaai in 'n ernstige lig gesien is, is seker, want admiraal King-Hall het reeds op 18 September gesê dat die *Armadale* in Walvisbaai moes bly om die dorp teen vyandige patrollies te beskerm.[45]

Die twee Duitse sendstasies is gelukkig teen die einde van September buite aksie geplaas en daarna was net Aus en Windhoek oor. Majoor Franke, bevelvoerende offisier van die Duitse troepe, het honderd mark aangebied vir enige operateur wat in direkte aanraking met die Oos-Asiatiese vloot kon kom, maar niemand kon daarin slaag nie.[46]

**Ekspedisie na Walvisbaai**

Die onderdrukking van die rebellie het teen die einde van November 1914 al so gunstig vir die Unieregering verloop dat hulle nie graag die stuur van die ekspedisie na Walvisbaai langer wou vertraag nie. Op 25 November is aan Harcourt laat weet dat in die lig van die ineenstorting van die rebellie, die Unie vroeg in Desmeber die Walvisbaai-ekspedisie wou stuur. Voorts is gevra dat die Britse vloot moes reël vir konvooie en die beskerming van kommunikasielyne,[47] en is die Staatsekretaris gewaarsku dat die Duitse eskader bewus moes wees van toestande in Duits Suidwes-Afrika en dadelik tot aksie sou wou oorgaan. Die morele en materiële uitwerking daarvan sou, volgens die goewerneur-generaal, rampspoedige gevolge vir sý land hê.[48]

Die Britse regering het hierop gereageer deur dadelik die kruisers *Minotaur* en *Dartmouth* na Simonstad te stuur om indien die Duitse eskader na die suidpunt van Afrika beweeg die situasie die hoof te bied.[49] Admiraal King-Hall te Simonstad was egter die volgende mening toegedaan: 'As regards conveying expedition and protecting communications I am unable to do this until whereabouts of German Squadron are definitely known or they are dealt with.'[50] Dié admiraal het ook vier hooftake wat op die skouers van die vloot gerus het, geïdentifiseer, naamlik (a) om die ekspedisie na Walvisbaai te vervoer, (b) om Walvisbaai te dek en beskerm, (c) om Lüderitzbucht te dek en te beskerm, en (d) om die verbindingslinies van Kaapstad na Lüderitzbucht en Walvisbaai oor die see in stand te hou en te verdedig.

Hy het veral gekla dat Walvisbaai en Lüderitzbucht so ver uitmekaar geleë was (400 km) dat indien hy die een beskerm die ander blootgestel sou wees. Dit was onmoontlik om landbeskerming aan beide Walvisbaai en Lüderitzbucht te verleen, want in so 'n geval sou 9.2 dm-kanonne nodig wees. Vir hom

---

44. DC663, lêer 815/9199, kopie van telegram Brittanja (Simonstown) — Defence (Pretoria) 25.9.14.
45. PM32, lêer 4/97/14 telegram Senior Naval Officer (Simonstown) — Governor-General 18.9.14.
46. W.S. Rayner en W.W.O. O'Shaughnessy: *op cit.* p 33.
47. DC663, lêer 815/9199, Very Secret Telegram Governor-General — Naval C-in-C 23.11.14, Governor-General — Secretary of State, 15.11.14.
48. DC663, lêer 815/9199, Urgent telegram Governor-General — Secretary of State, 11.11.14.
49. DC663, lêer 815/9199, Secret telegram Secretary of State — Governor General 13.11.14.
50. DC663, lêer 815/9199, Telegram Naval C-in-C — Governor-General, 25.11.14.



**Die Suid-Afrikaanse konvooi voor anker by Lüderitzbucht.**

was die gebruik van twee seebasisse, wat altwee onbeskerm was en geeneen self-onderhoudend was nie, gevaarlik. Hy wou dus gebruik tot Lüderitzbucht alleen beperk.[51] Later sou hy sy gevoel, wat in al sy korrespondensie weerspieël word, soos volg uitdruk 'Until enemy squadron is definitely located and dealt with I cannot claim I have the local command of the sea and therefore unprotected bases and unprotected transports are liable to be destroyed.'[52]

Op ontvangs van bogenoemde nuus van admiraal King-Hall het die Britse admiraliteit sy instemming met hierdie siening bevestig en hom gemaan om sy eskader gekonsentreer te hou totdat die situasie opklaar. Hulle het egter bygevoeg 'Admiralty will be glad to afford every facility to Governor-General and to co-operate in every way possible to ensure success in the operations in South West Africa.'[53]

Die eskader wat die Britse admiraal nou tot sy beskikking gehad het was die kruisers *Minotaur* (vlagskip) en *Defence*; die ligte kruisers *Astraea, Hyacinth* en *Weymouth* en die slagskip *Albion*.[54]

Dit wil voorkom of die spoorvervoer van die berede troepe die vertrek van die konvooi vertraag het[55] en gevolglik het die eskader eers op 8 Desember 1914 met net drie transportskepe in plaas van die beoogde vyf na Lüderitzbucht vertrek. Die ander twee sou later volg.[56] Terwyl die konvooi geseil het, het die Slag van die Falklandeilande langs die kus van Chili plaasgevind, by welke geleentheid admiraal Frederick Sturdee, versterk deur die moderne Britse slagkruisers. die *Invincible* en *Inflexible*, admiraal Von Spee se eskader vernietigend verslaan het. Vier Duitse slagskepe is op dié rampspoedige dag van 8 Desember gesink, tewete die *Scharnhorst, Gneisenau, Nürnberg* en *Leipzig*. Slegs die *Dresden* het ontkom.[57]

Op 10 Desember 1914, onderwyl die nuus van die gebeure by Falklandeilande hul bereik het, het die troepedraers, vergesel van admiraal King-Hall, by Lüderitzbucht geland. Met die neerlaag van die Duitse eskader het die eksterne bedreiging vir Duits Suidwes-Afrika en die Unie-ekspedisie se seeverbindings verdwyn. Daar was nou geen rede om Walvisbaai nie onmiddellik te herbeset nie en 'n nuwe operasieplan is opgestel met die grondgedagte dat die troepe in oorweldigende oormag in vier kolonne moet opruk. Die Noordelike Mag, wat die hoofmag sou uitmaak, sou Walvisbaai as basis hê en Swakopmund, vanwaar daar 'n spoorweg noordwaarts asook na Windhoek geloop het, beset; 'n Sentrale Mag sou vanaf Lüderitzbucht langs die suidelike spoor beweeg; 'n Suidelike berede mag sou die grens oorsteek en Warmbad beset, terwyl 'n geringe Oostelike Mag vanaf Rietfontein in Betsjoeanaland die gebied vanuit daardie oord sou binneval en Keetmanshoop, die spoor-eindpunt van die Lüderitzbucht-spoorlyn, sou probeer verower.[58]

Admiraal King-Hall het vervolgens die *Albion* beveel om as wagskip na Walvisbaai te gaan, terwyl hyself met die *Hyacinth, Astraea* en *Weymouth* na Tafelbaai teruggekeer het om die voorste troepe van die Noordelike Mag te gaan haal. Op Kersdag het 5 000 van hulle sonder teenstand by Walvisbaai geland. Van nou af sou troepe in toenemende getalle by Walvisbaai aankom totdat alles aan die begin van Februarie 1915 vir die landoperasies gereed was, en generaal Botha op 6 Februarie in Kaapstad aan boord van die *Armadale Castle* gegaan het om bevel van die Noordelike Mag oor te neem.[59]

Die landoperasies kon toe in alle erns begin. Admiraal King-Hall was van oordeel dat sy teenwoordigheid belangriker was langs die kus van Oos-Afrika, waar die Duitse kruiser *Köningsberg* nog 'n bedreiging gevorm het. Hy het gevolglik op 25 Februarie 1915 in die *Goliath*, wat so pas van Mombasa aangekom het, na Duits-Oos-Afrika vertrek, waarheen die *Hyacinth* hom vooruitgegaan het. Skout-admiraal Gillet, bevelvoerder van die *Armadale Castle*, is in bevel van die pos aan die Kaap gelaat met 'n mag wat bestaan het uit die *Astraea* en twee gewapende handelskruisers *Armadale Castle* en *Laconia*.[60]

**Betekenis van die Vlootbydrae**

Die topografie van Duits Suidwes-Afrika het die aanwending van seemag in die verowering van die gebied genoodsaak. Die strategiese doelwitte van die Unieverdedigingsmagte was in hoofsaak die verowering van die radiostasies, twee wat by Lüderitzbucht en Swakopmund opgerig was, asook die besetting van die hawens self. Dié doelwitte kon makliker van die kus as van die landkant af bereik word, want 'n woestyngordel van 100 tot 120

51. DC663, lêer 815/9199, Secret telegram, Naval C-in-C, Cape Station — Governor-General 27.11.14.
52. DC663, lêer 815/9199, Telegram Naval C-in-C Cape Station — Governor-General 29.11.14.
53. DC663, lêer 815/9199, Telegram Naval C-in-C Cape Station — Governor-General 29.11.14.
54. J.S. Corbett: *op cit.* Vol 2. p 234.
55. DC663 lêer 815/9199 Telegram Governor-General — Naval C-in-C, 30.11.14.
56. DC663 lêer 815/9199, Telegram Senior Naval Officer (Simonstown) Governor-General 8.12.14.
57. J.A. Hammerton: *A Popular History of the Great War*, (London), pp 554–559.
58. J.S. Corbett: *op cit.* Vol. 2. p 235.
59. J.S. Corbett: *op cit.* Vol 2. p 235.
60. J.S. Corbett: *op cit.* Vol 2. p 235.

kilometer, sonder water, het die kus van die binneland afgeskei.

Die gevolge van die bou van die land op die beweging van die besettingsmagte was dat bykomend by die 11 000 tot 12 000 man wat langs die Suidwes-Afrika-Uniegrens opgetree het, 'n mag van 30 000, waarvan ongeveer 16 000 berede, per skip vervoer moes word. Nie alleen moes hierdie mag na twee verskillende hawens, 800 en 1 100 kilometer vanaf hulle basis, vervoer word nie, maar elke kilogram provisie vir die manne, elke ton voer vir die perde en muile, sowel as baie van die water vir hulle gebruik moes ook oor die see kom. Selfs die materiaal vir die spoorwegkonstruksie moes van die Kaap af aangevoer word. Die probleem van die veldtog in Duits Suidwes-Afrika was dus in hoofsaak, die handhawing van verbindings oor lang afstande.[61]

Die twee hawens, Lüderitzbucht en Walvisbaai, waar die ontskeping moes plaasvind, het geen geriewe vir die landingsoperasies van sulke groot magte gehad nie en sterk getye langs die kus het hierdie operasie verder bemoeilik.[62] Dat die vloot sy rol sonder enige noemenswaardige verliese uitgevoer het, spreek boekdele vir die voortreflike ywer, toewyding en vaardigheid van almal wat 'n deel daaraan gehad het.

Nie alleen deur die vervoer en onderhoud van die besettingsmag het die Britse vloot 'n rol in die Suidwes-veldtog gespeel nie, maar ook daarin dat Duitsland verhoed is om enige versterkings of voorrade na hulle Wes-Afrikaanse kolonie aan te voer.[63]

Ten slotte het die Britse vloot selfs in landoperasies in Suidwes 'n rol deur middel van sy nuutgevormde *RN Armoured Car Division* gespeel. Hierdie eskadron wat vroeg in Maart na Suidwes-Afrika gestuur is, het uit 12 'ligte' voertuie onder bevel van kommandeur Whitall gestaan.[64] Hierdie pantsermotors het by die slag van Trekkoppies 'n uitstekende vertoning gelewer en groot ontsag by die vyand ingeboesem. Hulle het veral die vyandelike patrollies op 'n veilige afstand gehou.[65]

---

61. Earl Buxton: *General Botha*, (London, 1924), p 120.

62. E. Buxton: *op cit.* p 120.

63. W.O. Henderson: *op cit.* p 96.

64. W. Whitall: *With Botha and Smuts in Africa*, (London, 1917), p 8.

65. The Union of South Africa and the Great War, 1914–1918, Official History, p 55.